PASTORALE BRIEF Ná DIE VIERDE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE SE MODERAMEN

29 Februarie 2024

"Gaan voor ons uit, Here"

Geagte broers en susters, vriende –

In Oktober 2023 was die gebed van die 18e Algemene Sinode: *"Gaan voor ons uit, Here"* – die versugting van Moses en Israel na die teenwoordigheid van God by hulle (Eksodus 33). Die afgelope week het die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) vir die eerste keer sedert die sinodesitting in persoon by die eMseni-Retreatsentrum vergader. Ons het daardie gebed wéér gebid. Ons het Numeri 13 en 14 gelees, 2 Korintiërs 13, Matteus 21, Deuteronomium 29, Markus 8 en Kolossense 2. Ons het gehoor dat ons God heelhartig moet vertrou vir die weg na 'n toekoms wat Hý skenk; dat Sy teenwoordigheid onderweg óns anders maak; dat "wat verborge is, die Here se saak is, en wat geopenbaar is, vir ons en ons kinders is"; dat die weg waarop Hy ons vooruitgaan, 'n lydensweg is – juis nou, in hierdie weke – en dat ons lewe "saam met Christus verborge is in God." Ons het van lief en leed oral uit ons lande gehoor, na mekaar geluister, selfondersoek gedoen, bely en vergewe, hoop gekry, 'n roeping onderskei.

Die ASM word saamgestel uit vyf verkose verteenwoordigers uit elk van die tien sinodes van die NG Kerke in Suider-Afrika (50 lede dus), en ook bygestaan deur sewe adviserende lede uit taakspanne van die Algemene Sinode (AS 2023), Hugenote Kollege en BybelMedia. Ons eerste taak ná Oktober 2023, was om oor daardie 18e sinodesitting van ons kerkverband te reflekteer; die logistieke reëlings en agenda weer in oënskou te neem; die verloop van die vergadering te bespreek; ons te herinner aan die geestelike belewenis wat dit was; die uitkomste daarvan duidelik uit te klaar en aanbevelings ter voorbereiding vir die volgende Algemene Sinode in 2027 DV te maak. Ons is oortuig dat God ons daardie week in Oktober met sy teenwoordigheid begenadig en geseën het, en 'n roeping op ons harte gelê het.

Die ASM het onsself afgevra presies wat daardie roeping nou is; wat hét ons as kerkverband gehoor? Deur ‘n proses van geloofsonderskeiding en met insette deur die Algemene Taakspan Navorsing – direkte terugvoer uit die tafelgesprekke en oop debatte tydens die sinodesitting – kon ons by ‘n roepingsverklaring vir ons kerkverband uitkom; een wat ook opkom uit ‘n historiese gewaarwording: Die eerste uitdrukking van ‘n kerkverband hier aan die suidpunt van Afrika het vanjaar tweehonderd jaar gelede byeengekom; die “Algemeene Kerkvergadering” van 1824. Daarvandaan – en uit die erfenis van die Hervorming, altyd weer gevorm deur ons lees van die Woord, ons belydenis oor die Kerk van Christus en uit die belewenis dat God ons roep – kom ons identiteit as familie van kerke. Nou ook weer, het ons onsself afgevra hoe dit in die gemeenskappe waarin God ons laat leef, gaan; wat is ons konteks? **Ons Roeping 200+** getuig daarom:

God Drie-Enig roep ons.

Ons Vader roep ons deur sy Woord en Gees,
na ‘n toekoms waar Jesus reeds is.

Op die weg daarheen,
roep God ons om Hóm te vertrou,
wanneer ons na Sy teenwoordigheid verlang
en smag na die heling wat Hý skenk.
God roep ons om onderweg,
nederig na Sý stem te luister,
en dankbaar vir die verlossing in Christus,
Hóm te volg.

God stuur ons – so het ons gehoor –
om as ‘n familie van gereformeerde kerke,
in ons verskeidenheid van kulture, tale en gawes
én verenig in geloof, hoop en liefde,
lig en sout vir die wêreld te wees.

Ons word gestuur…

*… om as gemeentes en saam met ander kerke **te getuig** van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede; (kerugma)*

*… om in gemeentes veilige, vriendelike **tuistes te help skep**, waar mense dissipels van Jesus kan wees; (koinonia)*

*… om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die **verligting van nood** en die bediening van hoop; (diakonia)*

*… om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om **leiding te neem** in die bediening van sy Woord en dié roeping wat God op ons harte lê. (leitourgia)*

"Ons wil doen wat reg is,
ons wil liefde bewys,
ons wil lewe voor U,
bedagsaam loop."
Só lui ons Sinodelied van 2023.
Só wil ons God volg,
ons Vader, Verlosser en Trooster.

'n Baie belangrike en intense gesprek tydens die vergadering van die ASM, het juis oor ons kerkverband en die verdere hantering van die 2023-besluit daaroor, gegaan. Ons het van die Algemene Taakspan Regte (ATR) voorstelle ontvang oor die proses vir gemeentes wat by 'n ander sinode van die NG Kerk wil inskakel (die wysiging van Artikel 32 van die Kerkorde). Hierdie voorstelle is nou in die hande van elk van die tien sinodes om dit te oorweeg, en voor 30 April kommentaar na die ATR en ASM deur te gee, waarná dit gefinaliseer sal word en gemeentes só 'n skuif sal kan oorweeg. Ons het ook van die ATR advies gekry oor besluite van kerkrade om die verband met hul ring, sinode en die algemene sinode "op te skort" – dit word amptelik na daardie kerkvergaderinge en vandaar na lidmate deurgegee, om sekerheid te bied oor die voorregte en verantwoordelikhede van ons lidmaatskap van en bevoegdhede in die familie van NG Kerke. Ons doen daarom 'n beroep op ons hele kerkverband om binne die veilige ruimte van ons ooreengekome Kerkorde te bly, en ter wille van ons eenheid in Christus, eerder verder met mekaar te praat; respekvol, en met geduld te soek na 'n welwillende weg vir ons almal vorentoe. Ons verstaan – só het die Algemene Sinode van

Oktober 2023 óók gesê – dat daar lidmate is wat seergekry het, vervreemd voel of besorgd is oor ons kerkverband; juis daarom wil ons met mekaar in gesprek bly en só reformeer. Wat ons saambind en wie ons is – sien weer ons roepingsverklaring – is groter as dit waaroor ons nou mag verskil; ons behoort aan Christus en Hy het ons aan mekaar gegee. Laat ons dít as ‘n kosbare gawe koester.

Hierdie gesprek gaan verder in ons onderskeie sinodes en ringe voort, en ons nooi alle lidmate uit om daaraan deel te neem, soos wat God u mag lei. Waar ons kan, sal ons in algemeen sinodale verband daardie gesprekke ondersteun. Laat ons bid vir die eenheid van die Kerk van Christus, gehoorsaam aan sy Woord en Gees.

Om ons roeping vir die komende termyn van die ASM (2023-2027) tot aksie te laat oorgaan, het die ASM sy dagbestuur uitgebrei (soos deur die Algemene Sinode besluit) om een verteenwoordiger uit elke sinode in te sluit, en is daar ook begin om die vier groot fokusgroepe – **getuienis**, **gemeentes**, **diakonaat** en **opleiding** – verteenwoordigend saam te stel, met inspraak uit elke sinode. Direksielede vir BybelMedia en Hugenote Kollege is aangewys. Die Algemene Sinode se begroting is bespreek, en belangrike onderliggende beginsels daarin oor ons kerkverband, is vir verdere besinning verwys.

‘n Laaste gesprek tydens hierdie vergadering van die ASM, het oor die komende algemene verkiesing in Suid-Afrika en later vanjaar in Namibië gegaan. Oor ons verantwoordelikheid as burgers van God se koninkryk in hierdie belangrike moment vanjaar in ons lande, oor die waardes waarna ons samelewing behoort te streef en oor die gees van gebed waarin ons die verkiesingsdae tegemoet gaan, sal daar eersdaags in elke sinode verder gekommunikeer word.

Ons bid u elk die seën van die Here toe, Sy beskerming, die lig van Sy aangesig en die vrede wat alle verstand te bowe gaan, in Christus –

Ds. Jan Lubbe

Voorsitter: Moderamen van die Algemene Sinode (2023).